**Maandag 11 September**
**Skrifgedeelte: Psalm 24**
**Fokusgedeelte: Psalm 24:1, 3 (AFR83/2020)**

## Alles en almal behoort aan die Here, maar net sommige mag na Hom opgaan

In sy soeke na sin en selfverwesenliking jaag die meeste mense rykdom en besittings na. Hoe meer jy kan verdien en kan besit, hoe beter sal dit met jou gaan. Maar selfs nie eers die biljoenêrs is tevrede nie, want die antwoord lê in die teenoorgestelde rigting.

In hierdie Psalm herinner die Skepper ons dat alles inderdaad aan Hom behoort. “Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here.” Hierdie Alleeneienaar het destyds vir Hom kinders uitgekies en vir hulle vanaf die berg Horeb sy bevele gegee. Hulle moes ook ’n plek van aanbidding in hulle midde oprig. Eers ’n tabernakel en later die tempel op die tempelberg Sion. God kommunikeer met die mens vanaf hoogtes, wat skaduwees is van die hoogste hemele waar Hy eintlik woonagtig is.

Verder bepaal Hy dat slegs iemand wat suiwer van hart en rein van hande is, na Hom mag opgaan. Ja, slegs iemand wat nie na nietigheid hunker nie en nie sweer by wat vals is nie, mag tot Hom nader – eerstens ten opsigte van die hoogtes op aarde, maar ook uiteindelik na sy woonplek in die hemele.

Al die kinders van Jakob (onderkruiper) was onrein van hart en hande, en daarom moes hulle God nader met die bloed van onskuldige diere wat simbolies die straf vir hulle oortredings moes dra om hulle skuld te versoen. God het later vlees geword in Christus om dit vir ons moontlik te maak om met vrymoedigheid op te gaan na God toe. Maar ook om uiteindelik op te gaan na ons ewige tuiste.

Ware geluk is om genadiglik te besef dat niks aan ons behoort nie, maar dat ons aan God behoort.

*Sing: Psalm 84-1:1-3*

*Ds. GA Venter (Regardt) (Krokodilrivier/Brits)*